

Week **5**

Die Krag en Liefde van Christus

Geheuevers:

Ek bid... dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondwes sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begrip hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.

Efesiërs 3:17(b)-18

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Efesiërs 3:14-21

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Liefde en mag is die temas van ongeveer twee derdes van alle fiksie verhale, toneelstukke en gedigte wat ooit geskryf is. Die liefde vir mag was die oorsaak van baie oorloë en het baie kontinente en ryke verwoes. Die krag van liefde het swak mense gedryf om kragtige dinge te doen. Liefde en mag is die kragte wat ons lewens, ons huise, ons lande, ons politiek en ons wêreld vorm.

In hierdie gedeelte van Efesiërs, is Paulus weer besigh om vir die gemeente te bid. Dit is 'n goeie idee om die twee gebede, wat onderskeidelik in Efesiërs 1:15-23 en Efesiërs 3:14-21 voorkom, te vergelyk. Die eerste gebed eindig met verwysing na die krag wat God in die gelowiges oproep. Die tweede gebed begin met 'n versoek dat God die gelowiges met krag sal toerus.

Die kerk is nie net deur God gestig nie, maar sy bestaan is in God se hande. Daarom bid Paulus vir die kerk, vir krag en liefde.

STUDIEVRAE:

Lees Efesiërs 3:14-15. Wat is Paulus se gemoedstoestand terwyl hy hierdie gebed vir die Efesiërs bid?

.....
.....

Lees Efesiërs 3:16-19. Wat vra Paulus vir God om deur die krag van sy Gees te doen? Probeer om die versoeke in jou eie woorde te stel.

Efesiërs 3:16-17	
Efesiërs 3:18-19	

Op watter manier woon Christus in ons harte? Wat is die uitkoms van die feit dat Hy in ons harte woon? (Verwys na 1 Johannes 4:12-13)

.....
.....
.....

In vers 18 beskryf Paulus 4 dimensies. Waarna verwys hy? (Lees ook Romeine Romans 8:38-39.)

.....
.....
.....

Lees Efesiërs 3:20-21. Vers 20 dui aan dat God “oneindig meer kan doen” as alles wat ons kan vra of dink. Hoe weerspieël jou gebede jou begrip van hierdie vers?

.....
.....

Hoe kan Paulus se gebed jou help wanneer:

Jy nie weet wat om te bid nie	
Jy begin dink dat gebed nie werk nie	
Jy ontoereikend voel as gelowige	

Jy ongeliefd voel	
-------------------	--

Onthou waar Paulus is wanneer hy hierdie vreugdevolle, hoopvolle gebed bid. Hoe bemoedig en daag dit ons uit terwyl ons aan ons eie lewens en gebedslewe dink?

.....
.....
.....

Gebruik Paulus se gebed as 'n model en skryf 'n gebed neer waarin jy intree vir jou gesin en die mense in jou lewe.

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

God is liefde en sy genade is oor al sy werke. Die seën van Sy liefde kom na ons toe nie omdat ons dit verdien nie, maar op grond van Sy soewereine genade.

Baie kerkgangers is onkundig oor die groot geestelike rykdom wat hulle in Christus het. Gelowiges het dalk baie kennis oor die Bybel en die Christelike geloof, maar hulle faal om volgens hierdie waarhede te lewe.

Om 'n swak geestelike lewe te hê, is 'n tragedie. In die eerste deel van sy brief aan die Efesiërs het Paulus hulle daaraan herinner dat die kinders van God oor rykdom en hulpbronne beskik. Ons het die vermoë om 'n oorvloedige lewe te ervaar (verwys na Johannes 10:10).

Vir God om die eer te ontvang wat Hy verdien en sodat ons die vervulling en doel waarvoor ons geskape is, kan vind, het ons nodig dat God ons harte in beweging bring. Ons het verheldering van ons gees en motivering nodig, en ons hoef net te vra. God wil hê ons moet die ryk bestaan ervaar wat moontlik is wanneer ons gevul is met die volheid van God.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Ek bid... dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begrip hoe wyd en v er en hoog en diep die liefde van Christus strek.

Efesiërs 3:17(b)-18

Nadenke:

Deel met die groeplede hoe God hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Efesiërs 3:14-21 en Romeine 8:31-39

Besprekingsvrae

Lees Efesiërs 3:14-15. Krag en liefde is die temas wat deur hierdie groot gebed wat Paulus vir die kerk bid, loop. Wat was Paulus se gemoedstoestand toe hy hierdie gebed bid? Hoekom is dit betekenisvol? Bespreek in die groep.

Lees Efesiërs 3:16. Paulus vra dat God hulle sal versterk en hulle in hulle innerlike wesens sal bemagtig. Wat beteken dit om versterk te word in jou innerlike wese? Watter hulpbronne het God om dit te doen? Bespreek.

Lees Efesiërs 3:17. Wat is Paulus se volgende gebedsversoek vir die Efesiërs? Wat is kenmerkend van iemand in wie Koning Jesus woon? (Verwys na 1 Johannes 4:12-13.)

Lees Efesiërs 3:18-19. Paulus bid dat hulle God se liefde sal ken. Hoe beskryf hy daardie liefde? (Verwys na Romeine 8:38-39.)

Hoe kan 'n vollediger begrip van God se liefde 'n invloed hê op die manier waarop ons met ander omgaan, hoe ons onself sien en hoe ons leef? Bespreek in die groep.

Onthou waar Paulus is wanneer hy hierdie vreugdevolle, hoopvolle gebed bid. Hoe bemoedig en daag dit ons uit terwyl ons ons eie lewens en gebedslewe in oënskou neem? Bespreek in die groep.

Sluit af met gebed.